

# MUUS

## Krumpnets



Gelowiges. Inc.




Lowenbrunner-Strand

17 September '26

# Voorbidding

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Gideon Theart
- Detlev Traut
- Helena Kritzinger
- Dirk Kotze
- Sakkie de Jager
- Marie Roux
- Gerda de Villiers
- Lizette Swart
- Esmarie Terblanche

- Bid saam vir reën en droogte geteisterde areas
- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Aan almal wat die afgelope tyd 'n geliefde aan die dood moes afstaan.  
Ons harte voel saam met julle seer. Ons bid dat God se troos, vrede en liefde julle sal omvou en versterk in hierdie moeilike tyd.
- Bid asseblief vir die haweloses.



## Aan elkeen wat die week verjaar:



Ons wens vir jou vir die jaar wat voorlê,  
is alles wat jou pragtige hart  
nog ooit wou hê.

Geluk en blydschap  
meer as waarvoor jy vra  
vrede en liefde

om altyd saam met jou te dra.

Mag God se rykste seën neerstort oor jou,  
mag hierdie dag een wees  
wat jy vir altyd sal onthou.

**Geluk met jou verjaarsdag.**

## "Influencers"

Wat op aarde is dit met die mens dat hy/sy/hulle alewig iemand anders se lewe wil leef, of wil navolg en net nie genoeg kan kry van ander se geite en goeters nie? Dink net gou vir 'n oomblik: is jy gelukkig met wie jy is?

Nou kyk, as jy so deurmekaar soos 'n verkleurmannetjie op 'n Smartie boks wil raak, dan volg jy mense op Tik Tok, en Instagram en al die ander sosiale media platforms.

Daar is 'n naam vir hulle, ons noem hulle "influencers". My vriend ChatGPT reken ons kan dit vertaal as beïnvloeders, meningsvormers of invloed-figure. Jy maak daai profiele oop en jy sien wat hulle eet, hoe hulle aantrek, hoe hulle glo (ja daar is ook vele navolgers van Jesus wat 'n goeie invloed op mense het). Maar nou moet daardie arme klomp elke dag iets nuuts uitdink en plaas anders raak hulle irrelevant. En kyk, dan begin jy snert sien! Een knaap (nog nat agter die ore), verduidelik in detail presies waar in 'n vliegtuig jy moet sit om 'n ongeluk te oorleef. Bid jou dit aan.

Deur die geskiedenis van die mens was daar vele sulke beïnvloeders, maar nadat hulle afsterf vervaag hulle invloed.

Nou breek hierdie Paasnaweek aan en die Kerk is Vrydagoggend en Sondagoggend tot oorlopens toe vol, al die dienste.

En ek dink so, wie was hierdie Jesus wie se ster net eenvoudig nie verskiet nie? Was Hy nie dalk die heel grootste beïnvloeder wat ooit geleef het nie? Dink nou saam met my, Hy word gebore 'n paar duisend jaar gelede, in 'n klein dorpie met die naam van Bethlehem. Bykans niemand het sy ma geken nie, of vir Josef (wie nie sy biologiese pa was nie). Hy was net nóg 'n baba wat gebore is. Daar was nie foto's op sosiale media wat 'n "gender reveal" uitbasuin het nie, of 'n ooievaarstee nie. Inteendeel, enkeles het geweet van sy geboorte, soos die skaapwagters en die sterrekykers. Maar toe hoor Herodus ook van Hom en wou Hom doodmaak. Maar dit het nie so uitgewerk nie.

So word Hy groot, onbekend en doen houtwerk saam met Josef.

En toe, skielik, uit die bloute begin Hy 'n paar volgeling bymekaar. Net 'n paar, en dan begin mense van Hom notisie neem, hoofsaaklik a.g.v. wonderwerke. Hy word dié beïnvloeder van die streek en mense begin in duisende na Hom toe te stroom. En al wat Hy doen, is Hy verkondig 'n boodskap. Geen "selfies" word iewers geplaas nie, ook nie enige vorm van rykdom word voorgehou nie, en Hy is uiters nederig. En daardie invloed was net een te veel vir die Romeinse owerhede, en die priester hoofde, en hulle kruisig Hom.

Die dissipels word uitmekaar gejaag ná die Hemelvaart, en die lewe gaan terug na "normaal" toe. Alles in 'n tydperk van ongeveer 3 jaar.

Wie was Hy wat die lewe in daardie gebied totaal omdop?

En toe gaan lê die stof. En daar begin 'n ding gebeur wat ek hoegenaamd nie kan kleinkry nie. Hy word die grootste beïnvloeder wat hierdie wêreld OOI gesien het, sonder dat sy verhaal in koerante vertel is, sonder enige media, sonder dat Hy ooit iets oor Homself geskryf het en NIEMAND weet later hoe Hy gelyk het nie.

Vrydagoggend en Sondagoggend sit vele kerke oor die hele aarde propvol mense, van enige taal, kultuur, kleur, etniese groeperinge, jonk, oud, siekes, gestremdes, noem dit op. Daar word geen foto van Hom vertoon nie, nét sy Naam. Maar hoe op aarde weet ons almal dan van Hom? Jy sien, Hy het geen dokument oor Homself geskryf en agtergelaat na die Hemelvaart nie, dis nét eenvoudig andere wat heelwat later hulle ervaringe en getuienisse opteken. En sy invloed begin om oor die hele wêreld mense se lewens te verander. Die skrywers van hierdie briewe en dokumente word glad nie beïnvloeders nie, net Hy oor wié hulle skryf. Dit laat my eintlik sprakeloos as ek daaraan dink.

Hoekom volg ek Hom? En jy? Net omdat jou ouers jou Sondagskool toe geneem (of dalk gedwing) het? En nou glo jy sommer soos 'n "puppet" wat gebreinspoel is. So glo die ongelowiges oor ons. Dom mense, mense wat nie vrae vra nie, mense wat nie ondersoek instel oor die waarheid nie, mense wat só naïef is en deur vrees gedryf word. So glo die ongelowiges oor ons.

Maar hulle kan nie verklaar hoekom die grootse beïnvloeder wat ooit geleef het, steeds so 'n reuse impak het op ons lewens nie. Nou ja, sosiale media is vol van mense wat Christene bespot, en ook die Here bespot en flink dinge plaas omdat hulle glo dat hulle beïnvloeders is en vele lag saam met hulle.

Maar, oor 'n honderd jaar, en later na 'n duisend jaar, sal hierdie aardse beïnvloeders se sterre lankal verskiet het, hulle sal vergete wees en in die niet verdwyn, totaal vergete.

Maar Jesus, dié Beïnvloeder van alle tye se Lig sal net aanhou skyn, die woorde wat oor Hom geskryf is, sal net meer en meer word, mense sal steeds in hulle duisende bymekaarkom en oor Hom praat, en Hom vereer en Hy sal steeds mense se lewens verander, en steeds in 'n verhouding met hulle staan. Dis verstommend.

Herodus wou van Hom ontslae raak en hy kon nie. Pilatus, die owerhede, die soldate, almal het probeer maar hulle kon nie. So probeer duisende sogenaamde "influencers", ongelowiges en hardkoppiges van Hom ontslae raak, en hulle faal jammerlik. Selfs geestelike leiers wat opgehou het om in Hom te glo probeer van Hom ontslae raak want Hy is 'n aanstoot vir hulle (presies soos die Bybel dit voorspel) maar hulle faal jammerlik.

Hitler, Einstein, Newton, Napoleon en vele ander word nog deur ons onthou, maar dit sal in die niet verdwyn.

Miskien moet ons maar net aanvaar sy invloed is eenvoudig net té groot! En dit my vriend, kan net vermag word deur die Drie-enige God. Geen mens het daardie mag nie. Hy is en bly die Waarheid, en sál dit altyd bly.

Geseënd is jy as jy dit kan aanvaar, en glo.

*Geleen~ Willem Botha, Heuning.co.za*



NGK Lourensriver - Strand

# FeesMark



23 Oktober tot  
7 November '26



Die tyd het aangebreek vir ons jaarlikse FeesMark.  
Soos in die verlede het ons elkeen se hulp nodig.  
Daar is Diensbeurte in die Saal en agter die Tille.

Die jaar kort ons ook 'n paar Pakkers  
(verskieslik die met sterk spiere).

Diensbeurtroosters sal binnekort beskikbaar  
wees waar jy jou naam kan opskryf.

Skakel gerus die kantoor  
vir meer inligting



**Het jy gehoor!!!  
Ons as Gemeente gaan  
saam kamp.  
Kom jy saam?**

**Bespreek en Betaal/  
Gemeente  
Kamp!  
Bespreek en Betaal/**



*Lourensriver-Strand*

**16-18 Oktober '26**

**Kampterrein:**

**Khomeesdrift buite Riviersonderend**

**Karavane: Ja | Krag: Nee**

**Skakel gerus die Kerkkantoor om jou naam op die lys te plaas as jy saam wil kamp  
R250/volwassene, R100/kind (13-18jaar), onder 12 jaar - Gratis saam met Ouers  
Betaal asb. by die Kerkkantoor of EFT, Verwysing: Naam en Kerkkamp**



*Lowrensner-Strand*

# 2027 Kerkkalender



Wil jy graag jou Besigheid  
in ons 2027 Kerkkalender  
adverteer?

Skakel gerus vir  
Bernice by die Kerkkantoor  
vir meer inligting.

**MAAR** jy moet opskud!  
Daar is beperkte spasies  
beskikbaar!

Bespreek en betaal voor  
30 Oktober 2026

# Potjie van Hoop – Sopmengsel

Hierdie is so 'n “Mooihart-Sop”  
Maklik om vooraf te maak.



Bestanddele (droog)

- ½ koppie pasta
- 1½ koppies droë sopmengsel
- ½ koppie lensies
- 1 eetlepel aftrekselpoeier of blokkie
- 1 pakkie soppoeier (enige geur van jou keuse)

Pak alles mooi in lae in 'n glasbottel met 'n toedraai prop

Metode (wanneer jy dit kook)

Kook 3 liter water in 'n groot pot.

Voeg die inhoud van die glasbottel by die kookwater.

Prut vir 30–40 minute, roer gereeld.

Proe en geur na smaak indien nodig.

Bedien warm met brood of roosterkoek.

Idee:

Maak 'n paar bottels, sit 'n lint en kaartjie aan

- Liefdadigheid
- Noodkos

***Ons nooi elkeen om weer te help met hierdie projek.***

***Met die lang Desember-vakansie wat voorlê, is daar baie magies wat nie 'n vullende bord kos sal ontvang nie.***

***Ons wil graag tussen 50 en 100 bottels met gevulde bestanddele bymekaar maak.***

***Reël met 'n vriendin/vriend om saam met jou 'n paar op te maak.***

***Vir die wat nie bottels het nie - julle is welkom om by die kantoor te kom haal.***

***Versier gerus jou bottel. Die kantoor sal 'n plakker op plak met die bestanddele op.***


***Lewer asb af teen 1 Desember 2026***





Lowengriner-Strand

# Snuffel MARK



**As jy kaste reg pak, huis op pak,  
items wil weg gee....skenk dit  
asseblief vir die kerk se  
Snuffelmark.**

**Die items word sorteer en die  
laaste Woensdag van elke maand,  
teen kosprys verkoop.**

**Kom gee dit gerus af by die  
Kerkkantoor tydens kantoorure.**

**Skenkings is welkom: klere,  
meubels, skoene, gordyne,  
komberse, kussings,  
kinderspeelgoed, kombuisware,  
bekers, koppies, pierings,  
skildery, en vele meer.**

**WINSKOPIES | WINSKOPIES | WINSKOPIES |**

**23/09/'26 @ 11:30 IN DIE KERKSAAL**

**SKAKEL 021 853 5991 vir meer inligting**



# MISSION:

# TO KNOW HIM AND

# TO MAKE HIM KNOWN



## **SENDING - Hier is ek Here, stuur my**

Jou gebed maak 'n verskil. Daarom het Paulus die gemeente in Kolosse gevra om saam te bid 'dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig...'

Bid asseblief saam vir die opleiding wat Petra Instituut tans in Ethiopië aanbied om families te leer hoe om saam Bybelstudie te doen en saam te groei in hulle geloof in die Here, en om dan uit te reik na ander gesinne en hulle te leer hoe om dit te doen. Die impak hiervan kan gemeenskappe verander.

### *Bid asseblief ook vir die volgende sendelinge*

- Chris Bester: Evangelisasie
- Karin Kuys: Rapha Vroue
- Stephan Dippenaar: Bybelverspreiding
- Alie en Anne-Marie Brand: Libië
- Lizel Huisman: HEY!
- Andre en Anne-Marie Thiar: Mozambique

SENIOR  
Manne

## *Uitnodiging*

Vind jou plek in 'n gemeenskap wat saam groei. Ons nooi alle senior manne uit na ons weeklikse Bybelstudie, waar ons die Woord ondersoek en ons verhouding met ons Hemelse Vader verdiep.

Elke Woensdag by die Kerk

Tyd: 08:30 tot 09:30



Lowengraver-Strand

# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

**PROGRAM  
3DE KWARTAAL**

.....  
.....  
.....

**20 Sept**

**Les 19**

**23 Sept**

**Skole sluit**

**vir meer inligting –  
skakel gerus vir**

**Tannie Karin 083 653 0654**

# LIFELINE JEUG

**Kom sluit aan by LifeLine die komende  
Sondag om 17:30**

**Om die besige kwartaal af te sluit gaan  
ons see toe stap.**

**(Jou ouers kry jou weer 19:00 by die kerk)  
Hoop om julle almal daar te sien**



**Neem asb. kennis:  
Die Belydenisaflegging  
se datum het geskuif van  
22 November na 15 November**



# 19 September '26



## Kusopruimingsdag – maak 'n verskil!



### MERK DIE 3de Oktober 2026

DIE HERVORMDE KERK STRAND HOU 'N

# Lentefees!

BY DIE NG KERK - LOURENSRIVIER  
55 Jenningsstraat, Strand



### Ek hou baie van hierdie analogie:

Toe GOD visse wou skep, het HY met die see gepraat. Toe GOD bome wou skep, het HY met die aarde gepraat. Maar toe GOD die mens wou skep, het HY na homself gedraai. Toe het GOD gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse vandie see... (Gen 1: 26)" As jy 'n vis uit die water haal, sal dit doodgaan; en wanneer jy 'n boom uit die grond verwyder, sal dit ook doodgaan. Wanneer die mens van GOD losgemaak word, gaan hy dood.

GOD is ons natuurlike omgewing. Ons is geskep om in SY teenwoordigheid te leef. Ons moet aan Hom verbind bly, want dit is slegs in Hom wat die lewe bestaan. Laat ons aan GOD verbind bly.

Water sonder vis nog steeds water is, maar vis sonder water is niks. Die grond sonder 'n boom is nog steeds grond, maar die boom sonder grond is niks.

GOD sonder die mens is nog steeds GOD, maar die mens sonder GOD is niks.



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydraes** vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za)



Kontak die kerkkantoor om in te skakel,  
of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**

Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**

Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**

Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier  
[derick@lourensrivier.co.za](mailto:derick@lourensrivier.co.za)

**Admin kantoor-ure**

Maandag: 09:00 - 14:00

Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00

Vrydag: 08:00 -13:00

Skriba: [admin@lourensrivier.co.za](mailto:admin@lourensrivier.co.za)

**Finansies kantoor-ure**

Maandag: 09:00 -12:30

Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30

Finansies: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za)

**Gemeente-Webblad**

<https://lourensrivier.co.za/>

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou  
besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK**, of 'n **HUISSBESOEK VERLANG**,  
vul dit ook in die boekie in.  
Of stuur jou navraag/versoek na [admin@lourensrivier.co.za](mailto:admin@lourensrivier.co.za)  
Kontak Ds. Derick direk vir enig  
besoeke of afsprake 082 333 6012



Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon -  
anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

**Lourensrivier-WhatsApp Groep**

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.



*Lourensrivier-Strand*

ONDERSTEUN asb.  
**PLAASLIK**  
 voordat daar niks meer  
**PLAASLIK**  
 is om te ondersteun nie.



**MARIUS STENEKAMP**  
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece  
 George Str, Strand  
 P.O. Box 1170, Strand, 7139  
 Tel: 021 837 1235/6  
 Fax: 086 274 2003  
 Cell: 084 448 4429  
 marius@stenekamp.co.za  
 www.stenekamp.co.za





**Secure SE**  
FIRM. FIXED. SAFE

Secure SE Pty Ltd  
 Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196  
 stephan@securese.co.za  
**084 499 5858**

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14



**CAM LIVE VISION**  
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS

Cam Live Vistion Pty Ltd  
 Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751  
 info@camlivevision.co.za  
**021 851 6023**

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14



**Blue Crane Funerals**

For all your funeral arrangements.  
 Vir al jou begrafnis reëlings.

TEL: (021) 853 3952  
 10 Gordons Bay Road, Strand  
 info@bluecranefunerals.co.za  
 www.bluecranefunerals.co.za



**VOLANTRA ORBITAL**  
The power to protect

Volantra Orbital Pty Ltd  
 Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006  
 info@volantra.co.za  
**021 851 6023**

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14



**Flamēros**

**CHICKEN GRILL**  
 187 Main Road, Strand  
 021 854 7774



**FTH ACCOUNTANTS**  
The name you can ACCOUNT on

Floris Ter Haar  
 Professional Accountant (SA)

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF  
 PROFESSIONAL ACCOUNTANTS  
 YOUR WEALTH

Tel: 021 853 4266  
 Cell: 082 741 7076  
 Fax: 088 021 854 5741  
 E-mail: floris@fthacc.co.za

20 Conradie Street  
 Strand, 7140  
 Skype: fterhaar

HELDERBERG



**BUILD & PAINT**

CHAPPIE JACKSON (STUART)  
 info@hbp-group.co.za • 082 872 6830

www.hbp-group.co.za

Het jy hulp nodig om  
 finansiële sekerheid te kry?



Willie Fourie  
 Senior Finansiële Beplanner  
 021 853 2179  
 082 468 1099  
 admin@arcani.co.za

Ek kan jou behulpsaam wees met:

- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is 'n geïnsensieerde lewensversekeraar, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).



Lewe met sekerheid